Verdien AgriBonuspunte op alle produkte
deur Laeveld Agrochem aangekoop

Saam boer ons vooruit

Fokus op Fires van Vuuren

Edenville, Koppies, Ventersburg,
Henneman & Welkom Area

Laeveld Agrochem versprei van die bekendste, navorsingsgedrewe maatskappye se produkte vir u absolute gemoedsrus.

Vir professionele kennis en advies kontak gerus vir Fires van Vuuren by
Sel: 082 809 5431 E-pos: fires@laeveld.co.za

Ek is op 3 Augustus 1958 te Klerksdorp in Noordwes gebore. My skoolloopbaan is begin en voltooi te Jim Fouche Primêr en Sekondêre skool in Bloemfontein. Nadat ek my Militêre diensplig voltooi het, behaal ek my Landbougraad aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. In 1981 begin ek werk as oes-inspekteur by die destydse Sentraoes in Ficksburg. Twee jaar later aanvaar ek 'n pos as Streekslandboukundige vir die Wes- Vrystaat in Kroonstad by die destydse Pioneer Saad (nou Pannar).

Ek maak in 1986 'n draai in die laeveld in Tzaneen waar ek vir die destydse ICI navorsing en ontwikkeling in die chemiese bedryf werk. Ek vind egter weer my pad terug na die Vrystaatse vlaktes en werk weer vir Pannar saadmaatskappy in Kroonstad as Streeklandboukundige vir die Wes-Vrystaat en Noord-Kaap.

Na 14 jaar se diens by Pannar in die saadbedryf aanvaar ek in 1996 die pos as streeksbestuurder vir die Wes-Vrystaat by Ciba Geigy. My loopbaan in die chemiese bedryf volg die samesmeltings van die Multi-nasionale maatskappye en ek werk gevolglik vir Novartis, Novon en later Syngenta as streeksbestuurder.

In 2003 besluit ek om op my eie voete te staan en begin werk as agent in die chemiese bedryf in Kroonstad by Agri-Alpha (Later Yield). Ek vergroot my besigheid en verkry ook die agentskappe vir Pioneer Hi- Bred en Agricol saad. In Augustus 2014 word Yield onder besigheidsbestuur geplaas en ek is verplig om nuwe weivelde te soek. Ek is bevoorreg om in te skakel as agent by Laeveld Agrochem in die Kroonstad area en voorsien 'n suksesvolle loopbaan saam met 'n span hoogs professionele mense wat die bedryf ken en verstaan.

Fires sê: "Ek besef my afhanklikheid van my Skepper en die groot genade wat my en my gesin elke dag op ons voete hou. Integriteit, eerlikheid, nederigheid en die feit dat die lewe jou niks skuld nie, is na my mening die resep wat my suksesvol gemaak het in my lewe. Ek is getroud met Bia wat my help in die besigheid. Ons dogter woon en werk in Johannesburg en ons seun is op 17 jarige ouderdom in 2003 tragies oorlede in 'n motorongeluk. Ek is lief vir sport, veral rugby, en probeer fiks bly deur nog aktief fiets te ry. Ek glo ek en Bia kan 'n positiewe bydra lewer.

Ek is bevoorreg om in te skakel as agent by Laeveld Agrochem en voorsien 'n suksesvolle loopbaan saam met 'n span hoogs professionele mense wat die bedryf ken en verstaan."